

# **Jaarverslag Augustus 2016:**

## **NAMIBIË SA BOERPERD KLUB**

Callie Swanepoel

Die jaar 2016 was 'n opwindende jaar vir die SA Boerperde- en telers in Namibië. Hiermee doen ek graag verslag in die verband.

### **1. BEDANKINGS**

Eerstens wil ons vir Frikkie Combrink dankie sê vir nog 'n jaar wat hy homself uitstekend van sy taak as president gekwy het.

Soos elke jaar wil ons vir Elize Prinsloo bedank dat sy altyd regstaan om ons te help met die hope papierwerk wat op datum gehou moet word.

### **2. NAMIBIË SA BOERPERD KLUB**

Nie net is ons besig om as lede te vermeerder nie, maar ons perde teel ook goed aan. Daar is nou al 4 aktiewe stoete in die Namibië. Teen hierdie tempo gaan ons binnekort sommer lekker baie SA Boerperde in die land hê.

### **3. KEURINGS**

Ons keuring vanjaar was baie suksesvol. Frikkie Combrink, Jannie Jacobsz en Sias Horn het dit behartig. Van die 21 perde wat voor keuring gebring is, is 18 gekeur. Baie dankie vir 'n baie leersame, suksesvolle en insiggewende keuring.

### **4. TELERS**

- Aurora SA Boerperd stoet het tans 37 SA Boerperde. Ons is baie opgewonde om te sien wat die toekoms vir hul inhoud.
- Losberg SA Boerperd stoet het tans 2 hingste, 14 teelmerries, 12 ryperde, 10 jong perde en 7 speenvullens. Met 12 jong perde in die mark en net onder die 30 wat al in die land verkoop is, bly hul ook lekker bedrywig.
- Woestynland SA Boerperd stoet het 11 merries en 1 hings. Die eienaar Le-Andrie Grové woeker op die skoubane en ons sien baie uit daarna om haar binnekort te sien presteer met haar SA Boerperde.
- Slidderkruis SA Boerperd stoet het nog net een teelmerrie en een speen-vul. Die eienaar is tans besig om veeartsenykunde te studeer, sodra sy klaar is wil sy haar stoet vergroot.

### **5. REKLAME & KOMMUNIKASIE**

Ons *Facebook*-blad het van 371 lede in 2015 opgeskuif na 658 lede in 2016.

Aurora-, Woestynland- en Losbergstoet se *Facebook*-blaarie se lede het ook opgeskuif van gesamentlik 552 na 900 lede.

### **TEN SLOTTE**

Dit is en bly 'n vreugde om 'n SA Boerperd eienaar te wees, om met hul te gaan skou en met trots op elke perd se rug tree vir tree vorentoe te gaan. Mag die SA Boerperde in Namibië ook van hier af tree vir tree vorentoe gaan. Mag elkeen die jaar wat voorlê pragtige vullens by kry.

***Callie Swanepoel***

Voorsitter